

23.5 RAPPORT 5: DEPUTATE GEREFORMEERDE PUBLIKASIES – REGLEMENTE (Art 146)

23.5 REPORT 5: DEPUTIES REFORMED PUBLICATIONS – REGULATIONS (Art 146)

- A. Dr GJ Meijer stel die Rapport.
Dr GJ Meijer tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.
- C. **Besluit: Die Reglemente word goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).**
Decision: The Regulations are approved (amendment already made – Deputies Acta).

D. RAPPORT / REPORT

Reglement Totiusfonds (Acta 2006:756–758) (Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Totiusfonds – Algemene Sinode 2015)	Regulations Totius Fund (Acta 2006:756–758) (These regulations replace and amend all previous decisions related to the Totius Fund – General Synod 2015)
<p>1. Agtergrond Die Totiusfonds het in 1936 ontstaan as resultaat van die sedering van die kopiereg van die Afrikaanse Psalmberyming van prof JD du Toit aan die GKSA. Die hoop is in 1936 uitgespreek dat dié fonds gebruik sou kon word vir die oprigting van iets monumentaals. Met verloop van tyd is bepaal dat die fonds in die eerste plek gebruik word vir die finansiering van die druk van Psalmboeke en Koraalboeke.</p> <p>2. Naam Die Totiusfonds (TF).</p> <p>3. Doel Die doel van die Totiusfonds is</p> <p>3.1 om voorsiening te maak vir die publikasie van amptelike Psalmbundels en Koraalboeke van die GKSA.</p> <p>3.2 om die 1937-beryming te beskerm en te bemark.</p> <p>4. Administrasie Die administrasie van die finansies en publikasies van die Totiusfonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang deurlopend bestuurstate waarin die stand van die fonds</p>	<p>1. Background The Totius Fund was established in 1936 as a result of the ceding of the copyright of the Afrikaans Psalm versification of Prof JD du Toit to the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). The hope was expressed in 1936 that this fund could be used for the establishment of something monumental. Over the course of time it was determined that the fund first be used to finance the printing of Psalm books and hymnals.</p> <p>2. Name The Totius Fund (TF).</p> <p>3. Purpose The goal of the Totiusfonds is</p> <p>3.1 to provide for the publication of official Psalters and Corale books of the GKSA.</p> <p>3.2 to protect and market the 1937-beryming.</p> <p>4. Administration The administration of the finances and publications of the Totius Fund falls to the Administrative Bureau of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. The Deputies regularly receive management reports indicating the</p>

<p>aangedui word.</p> <p>5. Beheer Die beheer en toesig oor die werksaamhede van Totiusfonds word deur die Deputate Gereformeerde Publikasies behartig wat tydens elke Algemene Sinodesitting benoem word.</p> <p>6. Samestelling van Deputate 6.1 Twee van die nege lede van die Deputate Gereformeerde Publikasies word spesifiek benoem vir die Totiusfonds. 6.2 Ter wille van kontinuïteit moet een lid herbenoem word. 6.3 Die Algemene Sinode wys ook secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te vul.</p> <p>7. Funksionering van Deputate 7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar. 7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering.</p> <p>8. Opdragte en pligte van Deputate 8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds. 8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fonds. 8.3 Die Deputate maak pro-aktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak. 8.4 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die Algemene Sinode neem ten opsigte van die publisering van Psalmboeke en Koraalboeke uit te voer. 8.5 Die uitvoering van sodanige opdragte moet in oorleg met die Deputate Liturgiese Sake geskied. Beide Deputaatgroepe (Gereformeerde Publikasies en Liturgiese Sake) moet nougeset met mekaar saamwerk in die afhandeling van hul onderskeie opdragte. 8.6 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is. 8.7 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.</p>	<p>status of the fund.</p> <p>5. Management The Deputies Reformed Publications, appointed at every General Synod, manage and oversee the activities of the Totius Fund.</p> <p>6. Composition of Deputies 6.1 Two of the nine members of the Deputies Reformed Publications are specifically nominated for the Totius fund. 6.2 One member must be reappointed for the sake of continuity. 6.3 The General Synod also appoint alternate Deputies to fill any positions that may arise.</p> <p>7. Functioning of Deputies 7.1 The Deputies meet as regular as needed, but at least once a year. 7.2 When necessary, the chairman and scribe convene a meeting.</p> <p>8. Tasks and duties of Deputies 8.1 The Deputies oversee and manage the activities of the fund. 8.2 The Deputies remain responsible for the gathering and spending of funds. 8.3 The Deputies pro-actively provide for sufficient funds to enable the printing of Psalm-book and hymnals. 8.4 The Deputies are responsible for all decisions made by the General Synod in regard to the publication of Psalm-books and hymnals. 8.5 The execution of such tasks must occur in consultation with the Deputies Liturgical Affairs. Both Deputy groups (Reformed Publications and Liturgical Affairs) must work closely together in completing the various tasks. 8.6 The Deputies ensure that all publications released are professionally presented and printed. 8.7 The Deputies ensure compliance with all legal requirements related to publications.</p>
---	--

<p>8.8 Die Deputate sorg dat alle handels- en besigheidsaangeleenthede in verband met die Psalmboeke en Koraalboeke behartig word.</p> <p>8.9 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA.</p> <p>8.10 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die Algemene Sinode opgelê, uit.</p> <p>9. Finansiering</p> <p>9.1 Die Algemene Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.</p> <p>9.2 Die Deputate maak pro-aktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak.</p> <p>10. Ooreenkomste Die Deputate het magtiging om die volgende ooreenkomste, in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA, aan te gaan:</p> <p>10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle Psalmboeke en Koraalboeke.</p> <p>10.2 Ooreenkomste ten opsigte van kopiereg.</p> <p>10.3 Ooreenkomste ten opsigte van tantieme.</p> <p>10.4 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos nodig vir die uitvoer van hul opdrag.</p> <p>11. Rapport Die Deputate lewer aan elke Algemene Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Totiusfonds.</p> <p>12. Wysiging van Reglement Wysigings aan die Reglement van die Totiusfonds kan alleen deur die Algemene Sinode van die GKSA gedoen word.</p> <p style="text-align: center;">Reglement van die Calvyn-Jubileumboekefonds (Acta 1982:226 en 227, 2.5) (Hierdie Reglement vervang en wysig enige ander Reglement wat bestaan – Algemene Sinode 2015)</p>	<p>8.8 The Deputies ensure that all retail and business matters associated with the Psalm-books and hymnals are attended to.</p> <p>8.9 The Deputies organise all relevant agreements in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA.</p> <p>8.10 The Deputies complete special tasks as required by the General Synod.</p> <p>9. Financing</p> <p>9.1 The General Synod provides the necessary funds for projects to be completed.</p> <p>9.2 The Deputies pro-actively provide for sufficient funds for the printing of Psalm-books and hymnals.</p> <p>10. Agreements The Deputies are authorised to enter into the following agreements, in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA:</p> <p>10.1 Agreements related to the printing of all Psalm-books and hymnals.</p> <p>10.2 Agreements related to copyright.</p> <p>10.3 Agreements related to royalties.</p> <p>10.4 Any other necessary agreements required for the execution of their task.</p> <p>11. Report The Deputies submit a comprehensive report about all aspects of the Totius Fund to every General Synod.</p> <p>12. Amendment of Regulations Amendments to the Regulations of the Totius Fund can only be made by the General Synod of the GKSA.</p> <p style="text-align: center;">Regulations of the Calvin Jubilee Book Fund (Acta 1982:226 and 227, 2.5) (These Regulations replace and amend all other existing Regulations – General Synod 2015)</p>
---	---

<p>1. Sinodale magtiging Die fonds is in 1909 deur die Algemene vergadering van die gemeentes in die OVS tot stand gebring en in 1927 aan die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oorgedra (vgl. Reglement Acta 1933:130-131, 4a).</p> <p>2. Naam Die fonds heet die Calvyn-Jubileumboekefonds (CJBF).</p> <p>3. Doel Die doel van die CJBF is om deur middel van publikasies die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en dwaalleer te bestry.</p> <p>4. Administrasie</p> <p>4.1 Die administrasie van die finansies en publikasies van die Calvyn-Jubileumboekefonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang deurlopend bestuurstase waarin die stand van die fonds aangedui word.</p> <p>4.2 Die Deputate Gereformeerde Publikasies behartig ook ander publikasies namens ander Deputate (bv. Deputate vir kerkisasie en kerkmusiek) soos deur die Algemene Sinode opgedra.</p> <p>5. Beheer Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Calvyn-Jubileumboekefonds word deur die Deputate Gereformeerde Publikasies behartig wat tydens elke Algemene Sinode benoem word.</p> <p>6. Samestelling van Deputate</p> <p>6.1 Drie van die nege lede van die Deputate Gereformeerde Publikasies word spesifiek benoem vir die CJBF.</p> <p>6.2 Ter wille van kontinuïteit moet een lid herbenoem word.</p> <p>6.3 Die Sinode wys ook secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te vul.</p> <p>7. Opdragte en pligte van Deputate</p> <p>7.1 Die Deputate vergader so dikwels as wat</p>	<p>1. Synodal authorisation The fund was established in 1909 by the General Assembly of the churches of the OVS and transferred in 1927 to the General Synod of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (cf. Regulations Acta 1933:130-131, 4a).</p> <p>2. Name The fund is called the Calvin Jubilee Book Fund (CJBF).</p> <p>3. Purpose The purpose of the CJBF is to promote the Calvinistic life and worldview and to combat heresy by means of publications.</p> <p>4. Administration</p> <p>4.1 The administration of the finances and publications of the Calvin Jubilee Book Fund is the responsibility of the Administrative Bureau of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. The Deputies regularly receive management reports indicating the status of the fund.</p> <p>4.2 The Deputies Reformed Publications are also responsible for publications on behalf of other deputies (e.g. Deputies Catechism and Church Music) as instructed by the General Synod.</p> <p>5. Management The Deputies Reformed Publications, appointed at every General Synod, manage and oversee the activities of the Calvin Jubilee Book Fund.</p> <p>6. Composition of Deputies</p> <p>6.1 Three of the nine members of the Deputies Reformed Publications are specifically nominated for the CJBF.</p> <p>6.2 One member must be reappointed for the sake of continuity.</p> <p>6.3 The General Synod also appoint alternate deputies to fill any positions that may arise.</p> <p>7. Tasks and duties of Deputies</p> <p>7.1 The Deputies meet as regularly as</p>
---	--

<p>nodig is, maar ten minste een keer per jaar.</p> <p>7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering.</p> <p>7.3 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.</p> <p>7.4 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.</p> <p>7.5 Die Deputate moet reëlings tref vir die keuring van manuskripte.</p> <p>7.6 Die Deputate voer spesiale opdragte, deur die Algemene Sinode opgelê, uit.</p> <p>7.7 Die Deputate sorg dat:</p> <p>7.7.1 al die publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk word aan al die wetlike bepalings ten opsigte van publikasies voldoen word</p> <p>7.7.2 alle handels- of besigheids-aangeleenthede en sake in verband met die publikasies behartig word</p> <p>7.7.3 Die Deputate reël noodsaaklike ooreenkomste in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA.</p> <p>7.8 Die Deputate tref reëlings vir die finansiering van die projekte wat aangepak word.</p> <p>8. Finansiering Die Algemene Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word. Finansiering kan op die volgende wyses gedoen word:</p> <p>8.1 ramings vir 'n spesifieke projek</p> <p>8.2 aanwending van bestaande opgehoopte kapitaal- en rentefondse</p> <p>8.3 spesiale fondsinsameling deur kollekte en donasies uit die kerkverband vir spesifieke projekte</p> <p>8.4 spesiale fondsinsameling deur kollekte en donasies uit die kerkverband om die kapitaalfonds uit te bou.</p> <p>9. Ooreenkomste Die Deputate het magtiging om die volgende ooreenkomste, in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA, aan te gaan:</p> <p>9.1 Vir die druk van die verskillende publikasies</p> <p>9.2 ooreenkomste met skrywers te opsigte van outeursgelde</p> <p>9.3 ooreenkomste ten opsigte van kopiereg</p>	<p>needed, but at least once a year.</p> <p>7.2 When necessary, the chairman and scribe convene a meeting.</p> <p>7.3 The Deputies oversee and manage the activities of the fund.</p> <p>7.4 The Deputies remain responsible for the raising and spending of funds.</p> <p>7.5 The deputies must arrange for the approval of manuscripts.</p> <p>7.6 The Deputies complete special tasks as required by the General Synod.</p> <p>7.7 The Deputies ensure:</p> <p>7.7.1 that all the publications released are professionally presented and printed</p> <p>7.7.2 compliance with all legal requirements related to publications</p> <p>7.7.3 The Deputies organise all relevant agreements in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA.</p> <p>7.8 The Deputies arrange the financing of projects undertaken.</p> <p>8. Financing The General Synod provides the necessary funds for projects to be completed. Financing can be done in the following ways:</p> <p>8.1 "Ramings" for a specific project</p> <p>8.2 Use of existing accumulated capital and interest</p> <p>8.3 Special fundraising by means of collections and donations from the churches for specific projects</p> <p>8.4 Special fundraising by means of collections and donations from the churches to bolster the capital fund.</p> <p>9. Agreements The Deputies are authorised to enter into the following agreements, in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA:</p> <p>9.1 Agreements related to the printing of different publications</p> <p>9.2 Agreements with authors over royalties</p>
--	--

<p>op die publikasies. Die Deputate besluit ook oor aansoeke waar kopiereg ter sprake is</p> <p>9.4 ander noodsaaklike ooreenkomste wat tussen Algemene Sinodes aangegaan moet word.</p> <p>9.5 <i>Waar outeurs boeke pro Deo aan die CJBF beskikbaar stel vir publikasie en daar geen formele ooreenkoms met hulle aangegaan word nie en hulle dus geen tantième ontvang nie, sal komplimentêre kopieë as volg beskikbaar gestel word:</i></p> <p>9.5.1 <i>Enkel outeur – 5 kopieë aan die outeur; Meer as een outeur – 2 kopieë per outeur</i></p> <p>9.5.2 <i>1 Kopie aan elke keurder</i></p> <p>9.5.3 <i>2 kopieë aan die TSP Biblioteek</i></p> <p>10. Rapport aan die Sinode Die Deputate doen verslag aan die Algemene Sinode oor al die werksaamhede van die Calvin-Jubileumboekefonds.</p> <p>11. Wysiging van Reglement Wysigings van die Calvin-Jubileumboekefonds kan alleen deur die Algemene Sinode gemaak word.</p>	<p>9.3 Agreements related to copyright on publications. The Deputies also decide on applications related to copyright</p> <p>9.4 Any other necessary agreements required between General Synods</p> <p>9.5 <i>Where authors make books available to the CJBF pro Deo for publication and a formal agreement is not entered into with them and they therefore do not receive any royalties, the complementary copies will be distributed as follows:</i></p> <p>9.5.1 <i>Single author – 5 copies to the author; more than one author – 2 copies per author</i></p> <p>9.5.2 <i>1 copy to each selector</i></p> <p>9.5.3 <i>2 copies to the TSP Library</i></p> <p>10. Report to the Synod The Deputies submit a comprehensive report about all aspects of the Calvin Jubilee Book Fund to every General Synod.</p> <p>11. Amendment of regulations Amendments to the Regulations of the Calvin Jubilee Book Fund can only be made by the General Synod of the GKSA.</p>
<p style="text-align: center;">Keuringsreglement Calvin-Jubileumboekefonds (Acta 2006:759-760)</p> <p>In aansluiting by die Reglement van die CJBF (Acta 1982:226-227) word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:</p> <p>1. Inhoud van publikasies</p> <p>1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en/of dwaalleer te bestry.</p> <p>1.2 Wetenskaplike teologiese publikasies en proefskrifte word nie deur CJBFB uitgegee nie, maar wel deur die Potchefstroomse Teologiese Publikasies.</p> <p>1.3 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.</p> <p>1.4 Publikasies behoort begripsmatig afgestem te wees op die teikengroep.</p> <p>1.5 Publikasies moet aktueel wees.</p> <p>1.6 Publikasies moet treffend wees – die</p>	<p style="text-align: center;">Selection Regulations Calvin Jubilee Book Fund (Acta 2006:759-760)</p> <p>In reference to the Regulations of the CJBFB (Acta 1982:226-227) the following guidelines are given regarding possible publications:</p> <p>1. Content of publications</p> <p>1.1 Publications must be aimed at promoting the Calvinist life and worldview and/or to combat heresy.</p> <p>1.2 Scientific theological publications and dissertations are not published by the CJBFB, but rather by Potchefstroom Theological Publications.</p> <p>1.3 Publications must be Scripture based – in correspondence to the Reformed Confessions.</p> <p>1.4 Publications should be target audience appropriate.</p> <p>1.5 Publications must be relevant.</p> <p>1.6 Publications must be striking – heart</p>

<p>hart aanraak.</p> <p>2. Styl van publikasies</p> <p>2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagraf met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper.</p> <p>2.2 Publikasies kan in enige van die elf landstale voorgelê word.</p> <p>2.3 Die taalgebruik moet eietyd en leesbaar wees.</p> <p>2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie – ook nie vir Bybelboeke nie.</p> <p>2.5 Tegnieiese terme moet omskryf word.</p> <p>2.6 Ten opsigte van format, geld dat twee spasies na 'n punt, dubbelpunt en kommapunt, maar net een spasie na 'n komma gelaat word.</p> <p>3. Voorskrifte vir skrywers</p> <p>3.1 <i>Die manuskrip moet in elektroniese formaat wees. Microsoft Word (DOC of DOCX), Open Office (ODT) en RTF formate word aanvaar.</i></p> <p>3.2 Die manuskrip moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet meld wie die taalversorging gedoen het.</p> <p>4. Keuringproses</p> <p>4.1 Die manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan drie keurders gestuur.</p> <p>4.2 Die Deputate Gereformeerde Publikasies neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir 'n spesifieke publikasie as keurders genader word.</p> <p>4.3 Die keurders word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip of die ander keurders is nie.</p> <p>4.4 Vandat die manuskrip uitgestuur word totdat die skrywer die kommentaar terugkry, duur enigiets van drie tot ses maande.</p> <p>4.5 Wanneer al drie keurders se kommentaar ontvang is, word 'n samevattende verslag deur die lede van die Deputate verantwoordelik vir CJBF opgestel waarin 'n finale aanbeveling geformuleer word.</p> <p>4.6 Indien die aanduiding is dat die manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvangte kommentaar van die keurders na die outeur terugverwys vir finale hersiening</p>	<p>moving.</p> <p>2. Style of publications</p> <p>2.1 Publications must be structured by <i>inter alia</i> sub-paragraphs with suitable headings – without overdoing it.</p> <p>2.2 Publications may be presented in any of the eleven official languages.</p> <p>2.3 The language must be contemporary and readable.</p> <p>2.4 No abbreviations may be used – also not for Bible books.</p> <p>2.5 Technical terms must be defined.</p> <p>2.6 Formatting: two spaces after a full stop, colon and semi-colon, but one space after a comma.</p> <p>3. Prescriptions to authors</p> <p>3.1 <i>The manuscript must be in electronic format. Microsoft Word (DOC or DOCX), Open Office (ODT) and RTF formats are accepted.</i></p> <p>3.2 The manuscript must be proofread and completely edited. It is the author's responsibility and the author must indicate who did the language editing.</p> <p>4. Selection/Approval process</p> <p>4.1 The manuscript are usually sent to three selectors for evaluation.</p> <p>4.2 The Deputies Reformed Publications decide together which selectors are approached for a specific publication.</p> <p>4.3 The selectors are not informed who the author of the manuscript or the other selectors are.</p> <p>4.4 From sending the manuscript until the author receives feedback takes anywhere from three to six months.</p> <p>4.5 Once the feedback from all three selectors has been received, a summary report is compiled by the Deputies responsible for the manuscript to the CJBF in which a final recommendation is made.</p> <p>4.6 Should the manuscript be deemed acceptable, it is sent back to the author together with the feedback of the selectors for final revision and editing.</p>
---	---

<p>en redigering.</p> <p>4.7 In die saamstel van die keuringskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As 'n keurder of keurders egter met gegronde redes negatief oor 'n manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).</p> <p>4.8 Nadat die keuringsproses afgehandel is en die outeur die kommentaar verwerk het, moet 'n elektroniese kopie aan die Deputate gestuur word.</p> <p>4.9 Na gelang van die omvang van die manuskrip, kan aan keurders 'n honorarium betaal word. Die keurders ontvang geen vergoeding vir hul werk nie, behalwe dat 'n gratis kopie van die finale produk aan hulle verskaf word.</p>	<p>4.7 Every attempt is made that the selection feedback to the author is not critical, but should a selector or selectors have valid grounds to give negative commentary, such criticism can be conveyed to the author in a positive and loving manner (without attacking the person).</p> <p>4.8 Once the selection process has been completed and the author has worked through the feedback, an electronic copy must be sent to the Deputies.</p> <p>4.9 Depending on the scope of the manuscript, the selectors can be paid a honorarium. The selectors are not compensated for their work, except for giving them a free copy of the final product.</p>
<p>Reglement Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-768) (Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Evangeliseringsmediafonds – Algemene Sinode 2015)</p> <p>1. Agtergrond Die Evangeliseringsmediafonds het in 1991 ontstaan as samevoeging van die destydse fondse van die Deputate vir Evangelisasielektuur en dié vir Sending- en Nasorglektuur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Evangelisasielektuurfonds het in 1945 ontstaan as 'n Evangelisasiefonds waaruit alle bedieningswerk rondom die bediening van die evangelie aan die buitekerklike gefinansier is. In 1961 is die fokus van hierdie fonds beperk tot die voorsiening van evangelisasielektuur. • Die Sending- en Nasorglektuurfonds het in 1964 ontstaan om te sorg vir voorsiening van Christelike lektuur soos benodig op die sendingveld. <p>2. Naam Die Evangeliseringsmediafonds (EMF)</p> <p>3. Doel Die doel van die Evangeliseringsmediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel, <i>hetsy</i></p>	<p>Regulations Evangelising Media Fund (Acta 2006:766-768) (These Regulations replace and amend all previous decisions related to the Evangelising Media Fund – General Synod 2015)</p> <p>1. Background The Evangelising Media Fund was established in 1991 as to merge the funds of the funds of the Deputies Evangelising Literature and that for Mission and Aftercare literature:</p> <ul style="list-style-type: none"> • The Evangelising Literature Fund was established in 1945 as an evangelising fund which financed all ministry work related to the ministry of the gospel to the churchless. In 1961 the focus of this fund was restricted to the distribution of evangelising literature. • The Mission and Aftercare Fund was established in 1964 to provide for Christian literature on the mission field, as necessary. <p>2. Name The Evangelising Media Fund (EMF)</p> <p>3. Purpose The purpose of the Evangelising Media Fund is to provide literature and other aids, <i>be it printed booklets and/or</i></p>

<p><i>gedrukte boekies en/of traktate, elektronies op die kerke se webblad of as skakels na ander bestaande webblaaie, volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoefes van die kerke.</i></p>	<p><i>tractates, electronically on the churches' website or as links to other existing websites, according to the evangelisation, apologetic and equipping needs of the churches.</i></p>
<p>4. Administrasie Die administrasie van die finansies en die publikasies van die Evangelisasie-mediafonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang deurlopend bestuurstase waarin die stand van die fonds aangedui word.</p>	<p>4. Administration The administration of the finances and publications of the Evangelising Media Fund falls to the Administrative Bureau of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. The Deputies regularly receive management reports indicating the status of the fund.</p>
<p>5. Beheer Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds word deur die Deputate Gereformeerde Publikasies behartig wat tydens elke Algemene Sinode benoem word.</p>	<p>5. Management The Deputies appointed at every General Synod, manage and oversee the activities of the Evangelising Media Fund.</p>
<p>6. Samestelling van Deputate 6.1 Drie van die nege lede van die Deputate Gereformeerde Publikasies word spesifiek benoem vir die EMF. 6.2 Ter wille van kontinuïteit moet een lid herbenoem word. 6.3 Die Sinode wys secundi-deputate aan om moontlike voorkomende vakatures te kan vul.</p>	<p>6. Composition of Deputies 6.1 Three of the nine members of the Deputies Reformed Publications are specifically nominated for the EMF. 6.2 One member must be reappointed for the sake of continuity. 6.3 The General Synod also appoint alternate deputies to fill any positions that may arise.</p>
<p>7. Funksionering van Deputate 7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar. 7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering.</p>	<p>7. Functioning of Deputies 7.1 The Deputies meet as regularly as needed, but at least once a year. 7.2 When necessary, the chairman and scribe convene a meeting.</p>
<p>8. Opdragte en pligte van Deputate 8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds. 8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse. 8.3 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die Algemene Sinode ten opsigte van die Evangeliserings-mediafonds neem, uit te voer. 8.4 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is. 8.5 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike</p>	<p>8. Tasks and duties of Deputies 8.1 The Deputies oversee and manage the activities of the fund. 8.2 The Deputies remain responsible for the raising and spending of funds. 8.3 The Deputies are responsible for executing all decisions made by the General Synod regarding the Evangelising Media Fund. 8.4 The Deputies ensure that all publications released are professionally presented and printed. 8.5 The Deputies ensure compliance with</p>

<p>vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.</p> <p>8.6 Die Deputate sorg dat aan alle handels- of besigheidsaangeleenthede in verband met die publikasies voldoen word.</p> <p>8.7 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA.</p> <p>8.8 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die Algemene Sinode opgelê, uit.</p> <p>9. Finansiering Die Algemene Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.</p> <p>10. Ooreenkomste Die Deputate het magtiging om die volgende ooreenkomste, in oorleg met die Administratiewe Buro in sy hoedanigheid as regs persoon van die GKSA, aan te gaan:</p> <p>10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle relevante publikasies.</p> <p>10.2 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos benodig vir die uitvoer van hul opdrag.</p> <p>11. Rapport Die Deputate lewer aan elke Algemene Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds.</p> <p>12. Wysiging van Reglement Wysigings aan die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds kan alleen deur die Algemene Sinode van die GKSA gedoen word.</p>	<p>all legal requirements related to publications.</p> <p>8.6 The Deputies ensure compliance with all retail and business matters associated with publications.</p> <p>8.7 The Deputies organise all relevant agreements in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA.</p> <p>8.8 The Deputies complete special tasks as required by the General Synod.</p> <p>9. Financing The General Synod provides the necessary funds for projects to be completed.</p> <p>10. Agreements The Deputies are authorised to enter into the following agreements, in consultation with the Administrative Bureau in its capacity as legal entity of the GKSA:</p> <p>10.1 Agreements related to the printing of all relevant publications.</p> <p>10.2 Any other necessary agreements required for the execution of their task.</p> <p>11. Report The Deputies submit a comprehensive report about all aspects of the Evangelising Media Fund to every General Synod.</p> <p>12. Amendment of Regulations Amendments to the Regulations of the Evangelising Media Fund can only be made by the General Synod of the GKSA.</p>
<p style="text-align: center;">Keuringsreglement Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:768-769)</p> <p>In aansluiting by die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds (Acta 2006:766-767), word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:</p> <p>1. Inhoud van publikasies</p> <p>1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om 'n duidelike Bybelse appél op die ongelowiges/buitekerklikes te hê.</p>	<p style="text-align: center;">Selection Regulations Evangelising Media Fund (Acta 2006:768-769)</p> <p>In reference to the Regulations of the Evangelising Media Fund (Acta 2006:766-767), the following guidelines are given regarding possible publications:</p> <p>1. Content of publications</p> <p>1.1 Publications must be aimed at making a clear biblical appeal to unbelievers/the churchless.</p>

<p>1.2 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.</p> <p>1.3 Publikasies behoort begripsmatig aan te pas by die teikengroep waarop dit gerig is.</p> <p>1.4 Publikasies moet aktueel wees.</p> <p>1.5 Publikasies moet treffend wees – die hart aanraak.</p> <p>2. Styl van publikasies</p> <p>2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagrafe met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper. Sodanige raamwerk help om gedagtes te sistematiseer en te orden en bied vir die leser 'n paar springklippe deur die rivier.</p> <p>2.2 Publikasies kan in enige van die elf landstale voorgelê word.</p> <p>2.3 Die taalgebruik moet eietyd en leesbaar wees.</p> <p>2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie – ook nie vir Bybelboeke nie.</p> <p>2.5 Tegnieke terme moet omskryf word.</p> <p>2.6 Ten opsigte van formatering, geld dat twee spasies na 'n punt, dubbelpunt en komma, maar net een spasie na 'n komma gelaat word.</p> <p>3. Voorskrifte vir skrywers</p> <p>3.1 Die manuskrip moet in elektroniese formaat wees.</p> <p>3.2 Die manuskrippe moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet ook meld wie die taalversorging gedoen het.</p> <p>4. Keuringsproses</p> <p>4.1 'n Manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan een keurder gestuur.</p> <p>4.2 Die Deputate Gereformeerde Publikasies neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir die spesifieke publikasie as keurder genader word.</p> <p>4.3 Die keurder word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip is nie.</p> <p>4.4 Die keurder se kommentaar tesame met 'n samevattende verslag deur lede van die Deputate verantwoordelik vir EMF, word aan die Deputate Gereformeerde Publikasies vir goedkeuring voorgelê.</p> <p>4.5 Indien die aanduiding is dat die</p>	<p>1.2 Publications must be Scripture based – in correspondence to the Reformed Confessions.</p> <p>1.3 Publications should be target audience appropriate.</p> <p>1.4 Publications must be relevant.</p> <p>1.5 Publications must be striking – heart moving.</p> <p>2. Style of publications</p> <p>2.1 Publications must be structured by inter alia sub-paragraphs with suitable headings – without overdoing it. Such a framework helps to systematise and order ideas and offers the reader a few stepping stones through the river.</p> <p>2.2 Publications may be presented in any of the eleven official languages.</p> <p>2.3 The language must be contemporary and readable.</p> <p>2.4 No abbreviations may be used – also not for Bible books.</p> <p>2.5 Technical terms must be defined.</p> <p>2.6 Formatting: two spaces after a full stop, colon and semi-colon, but one space after a comma.</p> <p>3. Prescriptions to author</p> <p>3.1 The manuscript must be in electronic format.</p> <p>3.2 The manuscript must be proofread and completely edited. It is the author's responsibility and the author must indicate who did the language editing.</p> <p>4. Selection process</p> <p>4.1 The manuscript is usually sent to three selectors for evaluation.</p> <p>4.2 The Deputies Reformed Publications decide together which selectors are approached for a specific publication.</p> <p>4.3 The selectors are not informed who the author of the manuscript is.</p> <p>4.4 The selectors' comments together with the summary report by the Deputies responsible for the EMF, are tabled to the Deputies Reformed Publications for approval.</p> <p>4.5 Should the manuscript be deemed</p>
---	--

<p>manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvangende kommentaar van die keurder na die outeur terugverwys vir finale hersiening en redigering.</p>	<p>acceptable, it is sent back to the author together with the feedback of the selectors for final revision and editing.</p>
<p>4.6 In die saamstel van die keuringskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As die keurder egter met gegronde redes negatief oor die manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).</p>	<p>4.6 Every attempt is made that the selection feedback to the author is not critical, but should a selector or selectors have valid grounds to give negative commentary, such criticism can be conveyed to the author in a positive and loving manner (without attacking the person).</p>
<p>4.7 Na gelang van die omvang van die manuskrip, kan 'n honorarium aan die keurder betaal word.</p>	<p>4.7 Depending on the scope of the manuscript, the selectors can be paid a honorarium.</p>

Besluit: Die Reglemente word goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handeling).

Decision: The Regulations are approved (amendment already made – Deputies Act).